



Kenmerke en Nuwe Tegnologie in Gehoorapparate

Kunsmatige Intelligensie:

Die tegnologie in die apparaat analiseer die omgewing voortdurend en doen veranderinge (in millisekondes) in die werking van die apparaat om die beste spraakverstaanbaarheid in elke situasie te bied, selfs in geraasomgewings soos tydens 'n gesprek in 'n voertuig, kommunikasie in 'n restaurant, vergaderings ens.

Direksionaliteit:

Apparate met multi-direksionele mikrofoon tegnologie vang verskeie sprekers se stemme op uit verskillende rigtings, sodat dit nie meer nodig is om na die spreker se mond te kyk om 'n gesprek te volg nie. Gesprekke kan dus gevolg word selfs wanneer die spreker van agter af of uit 'n ander vertrek praat.

Diskreet:

Hedendaagse gehoorapparate is beskikbaar in verskillende style, sodanig dat selfs die agter-die-oor styl byna onsigbaar is met die nuwe “*ultra-slender thin tube*” ontwerp. Vir diegene wat nie hul modern ontwerpte apparate wil wegsteek nie, is daar moderne kleure wat wissel van “*winter silver*” tot meer opvallende keuses soos “*sunset orange*” en “*winter blue*”.

Aanpasbaarheid:

Spraakverstaanbaarheid, klank kwaliteit van spraak en geluide asook optimale aanpassing by elke individu se behoeftes, is van die belangrikste faktore wat in aanmerking geneem moet word by die keuse van gehoorapparate.

Vir meer inligting, skakel vir Thia Pretorius, Oudioloog, by Delmed Mediese Sentrum: 013 665 4488

Of besoek die volgende webwerwe:

www.siemens.co.za/hearing

www.oticon.co.za

www.widex.co.za